GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2022

# GRAAD 10

**REKENINGKUNDE**
**(VRAESTEL 2)**

**TYD:** **2 uur**

**PUNTE:** **150**

**9 bladsye + 1 formuleblad en 'n antwoordboek van 9 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies deeglik en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ŉ Spesiale ANTWOORDBOEK is voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.

3. ŉ FORMULEBLAD met finansiële aanwysers is agter aan die vraestel voorsien. Jy mag dit gebruik indien nodig.

4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.

5. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

7. Waar van toepassing, toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die volgende inligting in die onderstaande tabel as ŉ gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD TOEGEKEN |
|---|---|---|---|
| 1 | Debiteure Versoening en Interne Beheer | 63 | 50 |
| 2 | Belasting op Toegevoegde Waarde en Etiek | 30 | 24 |
| 3 | Vaste Bates en Interne Beheer | 25 | 20 |
| 4 | Kosterekeningkunde | 32 | 26 |
| | **TOTAAL** | **150** | **120 minute** |

**VRAAG 1: DEBITEURE VERSOENING EN INTERNE BEHEER**

**(63 punte; 50 minute)**

**ARAMIS HANDELAARS**

Die onderstaande inligting het betrekking op Aramis Handelaars vir die periode geëindig 30 Junie 2022. Die besigheid gebruik ŉ 40% winsopslag op kosprys vir alle goedere verkoop.

**GEVRA:**

1.1 Stel ŉ korrekte Debiteurekontrole Rekening vir Junie 2022 op, na in agneming van foute en weglatings.
**Nota:** Toon alle berekeninge in hakies en saldeer die rekening. (20)

1.2 Stel ŉ korrekte debiteurelys vir 30 Junie 2022 op. (26)

1.3 Verduidelik die volgende terme:

- Kredietterm (2)
- Kredietlimiet (2)

1.4 ŉ Totale korting van R6 219 is toegestaan aan debiteure. Bereken die werklike bedrag wat van debiteure ontvang is in Junie. (3)

1.5 Die persentasie terugsendings deur debiteure beloop 17%. Verskaf TWEE kontrole maatreëls wat geïmplementeer kan word om terugsendings te verminder. (4)

1.6 Gee DRIE punte as advies aan die eienaar om die invorderings van debiteure te verbeter. (6)

**INLIGTING:**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN ARAMIS HANDELAARS**

**A**

| **Dt** | | | **DEBITEUREKONTROLE** | | | | | | **Kt** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Jun | 1 | Saldo | a/b | 216 210 | 2022 Jun | 30 | Bank en korting toegestaan | KOJ | 124 380 |
| | 30 | Verkope | DJ | 310 920 | | | Debiteureafslag | DAJ | 55 580 |
| | | Bank (terug-betaling) | | 600 | | | Joernaalkrediete | AJ | 1 600 |
| | | Joernaal debiete | AJ | 1 820 | | | Saldo | o/b | 347 990 |
| | | | | 529 550 | | | | | 529 550 |
| 2022 Jul | 1 | Saldo | a/b | 347 990 | | | | | |

**B DEBITEURELYS OP 30 JUNIE 2022**

| DEBITEUR | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| S. Tylor | 80 000 | |
| Y. Putin | 74 800 | |
| G. Krigler | 72 400 | |
| M. Ahmod | 18 900 | |
| R. Dire | 66 730 | |
| P. Hlope | | 1 800 |
| J. Phillip | 7 200 | |
| T. Makoe | 18 000 | |
| | 338 030 | 1 800 |

**C Foute en Weglatings**

i Die Debiteurekontrole se saldo op 1 Junie 2022 is oorstateer met R6 700.

ii Die totaal van die Debiteureafslagkolom in die Debiteureafslagjoernaal is met R360 te min opgetel.

iii ŉ Kredietfaktuur vir goedere verkoop aan M. Ahmod is nog nie deur die boehhouer geboekstaaf nie. Die kosprys van die goedere verkoop was R3 700.

iv Die kredietsaldo in die Debiteuregrootboek van P. Hlope moet oorgedra word na sy rekening in die Krediteuregrootboek.

v ŉ Bedrag van R400 wat per EFO ontvang is van G. Krigler, is in die joernaal aangeteken maar nie oorgeboek na sy rekening nie.

vi ŉ Kwitansie uitgereik aan S. Tyler vir R19 800 kontant ontvang, is korrek in die hulpjoernaal geboekstaaf, maar is na haar rekening as R18 900 oorgeboek.

vii ŉ Inskrywing ten opsigte van goedere op krediet verkoop aan T. Makoe ter waarde van R3 000 is korrek in die Debiteurejoernaal geboekstaaf maar is aan die verkeerde kant van sy rekening geboekstaaf.

viii ŉ Betaling van R12 000 ontvang van Y. Putin is korrek in die hulpjoernaal geboekstaaf, maar is foutiewelik in die rekening van R. Dire geboekstaaf.

ix Rente van 5% p.j. is gehef op J. Phillip se rekening wat 3 maande agterstallig is.

**63**

## VRAAG 2: BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE EN ETIEK

**(30 punte; 24 minute)**

### 2.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings Waar of Vals is. Skryf slegs Waar of Vals in jou ANTWOORDBOEK.

2.1.1 Die verskaffing van opvoedkundige dienste is ŉ voorbeeld van ŉ BTW vrygestelde item.

2.1.2 BTW word nie gehef op goedere wat die eienaar vir persoonlike gebruik neem nie.

2.1.3 Bruinbrood en melk is voorbeelde van nulkoers items.

2.1.4 BTW word op salarisse en lone gehef.

2.1.5 ŉ Besigheid met ŉ jaarlikse omset van R50 000 en meer, mag vrywillig as ŉ BTW handelaar registreer.

2.1.6 BTW uitset word gehef op alle belasbare goedere en dienste gelewer. (6)

### 2.2 BEREKENINGE

Voltooi die onderstaande tabel deur die ontbrekende bedrae in jou ANTWOORDBOEK in te vul.

| No. | Bedrag (uitgesluit BTW) | BTW bedrag (15%) | Bedrag (ingesluit BTW) |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | **A** | **B** | **R2 415** |
| 2.2.2 | **R840** | **C** | **D** |
| 2.2.3 | **E** | **R6 300** | **F** |
| 2.2.4 | **R650** | **R97,50** | **G** |

(14)

### 2.3 ETIEK

2.3.1 Verduidelik die verskil tussen *belastingontduiking* en *belastingvermyding*. (4)

2.3.2 **Jay Zee Handelaars**

Bokang is die eienaar van Jay Zee Handelaars. Hy skenk goedere ter waarde van R5 000, BTW uitgesluit, aan sy broer se besigheid wat onlangs nog gesukkel het om wins te maak. Hy het die boekhouer opdrag gegee om nie BTW op hierdie transaksie te hef nie.

(a) Bokang het oneties opgetree. Verduidelik die aksies wat SAID neem teen die BTW handelaars wat oneties optree. Verskaf TWEE punte. (4)

(b) Verskaf EEN rede waarom BTW op hierdie transaksie aan SAID betaal moet word. (2)

**30**

## VRAAG 3: VASTE BATES EN INTERNE KONTROLE (25 punte; 20 minute)

### 3.1 VASTE BATES

Die onderstaande inligting het betrekking op Oceano Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

Bereken die ontbrekende bedrae in die Vaste Bate nota. (17)

**INLIGTING:**

**VASTE BATE NOTA – 28 FEBRUARIE 2022**

| | VOERTUIE | TOERUSTING |
|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin van die jaar | 152 000 | 290 000 |
| Kosprys | 230 000 | **3.1.4** |
| Opgelope waardevermindering | **3.1.1** | (130 000) |
| **Bewegings** | | |
| Toevoegings teen kosprys | **3.1.2** | 0 |
| Waardevermindering | **3.1.3** | **3.1.5** |
| Drawaarde aan die einde van die jaar | 271 500 | **3.1.6** |
| Kosprys | 380 000 | **3.1.7** |
| Opgelope waardevermindering | (108 500) | (173 500) |

**Addisionele inligting en aansuiwerings:**

**Voertuie**

- Waardevermindering op voertuie word gehef teen 10% p.j. op kosprys.
- ŉ Nuwe voertuig is op 1 September 2021 aangekoop.

**Toerusting**

- Waardevermindering op toerusting word teen 15% p.j. op die verminderde saldo metode gehef.
- Geen toerusting is gedurende die jaar aangekoop nie.

**3.2 SIZANANI HANDELAARS**

Selby, die eienaar van Sizanani Handelaars, verskaf gratis aflewering aan alle klante wat in grootmaat koop en binne ŉ 8 kilometer afstand bly. Die verkoopsyfers was die vorige maand laag, maar afleweringskoste het nie afgeneem nie. Hy vermoed dat afleweringskoste hoog is weens privaatgebruik van die besigheid se voertuie.

3.2.1 Verduidelik hoe die besigheid geaffekteer word deur die privaatgebruik van voertuie. Verskaf TWEE punte. (4)

3.2.2 Verskaf interne kontrole maatreëls wat deur die eienaar geïmplementeer moet word om die wanbestuur van roerende, tasbare bates te voorkom. Verskaf TWEE punte. (4)

**25**

## VRAAG 4: KOSTEREKENINGKUNDE (32 punte; 26 minute)

### 4.1 KONSEPTE

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die korrekte term langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Direkte arbeid en direkte materiaal wat in die fabriek gebruik is, is gelyk aan die totale (bokoste/primêre koste).

4.1.2 Die salaris van die fabriekskoonmaker is ŉ (direkte/indirekte) arbeidskoste.

4.1.3 Huur van ŉ gebou word beskou as ŉ (fabrieksbokoste/ verspreidingskoste).

4.1.4 Fabrieksbokoste is (direkte/indirekte) vervaardigingsuitgawes wat te doen het met die produksie van klaarprodukte.

4.1.5 ŉ Uitgawe vir fabriekshuur word geboekstaaf as (direkte koste/ fabrieksbokoste). (5)

**4.2** Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (4)

### 4.3 DAN MALGAS

Dan Malgas vervaardig en verkoop vlieërs vir kinders. Die verkoopsprys per vlieër is R155. Hy het 2 500 vlieërs gedurende Oktober vervaardig. ŉ Opsomming van al sy koste vir Oktober 2022 word onderaan verskaf.

**GEVRA:**

Voltooi die volgende:

4.3.1 Bereken die direkte materiaalkoste per vlieër vir Oktober 2022. (4)

4.3.2 Bereken die totale fabrieksbokoste vir Oktober 2022. (5)

4.3.3 Bereken die totale produksiekoste vir Oktober 2022 as 2 500 vlieërs geproduseer is. (7)

4.3.4 Bereken die produksiekoste per eenheid. (3)

4.3.5 Bereken die persentasie wins wat Dan Malgas per vlieër gedurende Oktober 2022 verdien het, indien die vlieërs teen R155 elk verkoop word. (4)

**INLIGTING:**

| **Koste per vlieër** | |
|---|---|
| Materiaal per vlieër | R25 |
| Hout per vlieër | R5 |
| Lyn per vlieër | R5 |
| Lone per voltooide vlieër | R50 |
| **Koste vir die maand** | |
| Salaris van fabriekstoesighouer | R5 000 |
| Huur van fabriek | R8 000 |
| Water en elektrisiteit van die fabriek | R2 500 |
| Indirekte materiaalkoste | R500 |

**32**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

| GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSER FORMULEBLAD | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Bedryfsbates : Bedryfslaste | | (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste |
| (Handels en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | | Totale bates : Totale laste |